# GRONDWET VAN OLD OAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

## 1. NAAM

Die naam van die Vereniging sal bekend staan as Old Oak Belastingbetalersvereniging. In hierdie dokument sal na die **"Vereniging"** verwys word.

## 2. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die Vereniging is om:

2.1 belangstelling in aangeleenthede rondom die ontwikkeling van die area te kweek en om met die Metro/ Munisipaliteit, sy amptenare en enige ander organisasie te skakel ter bevordering van aspekte wat voordelig vir die inwoners sal wees;

2.2 Munisipale beleid en sake in ag te neem;

2.3 die belange van die inwoners in die area te bevorder;

2.4 inligting te bekom en te kommunikeer en die nodige weldeurdagte aksies tot voordeel van die inwoners in die area te neem;

2.5 betrokke te raak by enige Metro/Munisipale kwessie, soos die behoefte ontstaan;

2.6 belangstelling in plaaslike regering en gemeenskapsaangeleenthede te stimuleer en trotse burgerskap te kweek;

2.7 sake van gemeenskapsbelang te bespreek en op 'n neutrale politieke en godsdienstige wyse te hanteer;

2.8 saam te werk met ander gemeenskappe- en ander organisasies wat soortgelyke doelwitte het;

2.9 te streef na die handhawing van, en waar nodig, die verbeteringe van dienste en estetiese standaarde (vir alle rolspelers); en

2.10 die tradisies, waardes, etiek en ideale van die gemeenskap te beskerm en te bevorder.

## 3. MANDAATAREA

Die mandaatarea van die Vereniging sluit Bellair, Blommendal, Blomtuin, Groenvallei, La Rochelle, Oak Glen en Vredenberg in Bellville in.

## 4. LIDMAATSKAP

4.1 Lidmaatskap is beskikbaar aan alle belastingbetalers (eienaars) en huurders in die mandaat area.

4.2 Nuwe lede moet 'n aansoekvorm voltooi en op 'n Uitvoerende Komiteevergadering aanvaar of afgekeur word.

4.3 Die Uitvoerende Komitee behou hom die reg voor om sonder opgaaf van redes enige persoon as lid te weier. Indien die Uitvoerende Komitee dit in die belang van die Vereniging nodig ag om 'n bestaande lid skriftelik in kennis te stel van 'n voorgenome skorsing, asook die redes daarvoor, of sonder om redes daarvoor te verstrek, sal die betrokke lid die geleentheid gegee word om sy/haar saak voor die Uitvoerende Komitee te stel. Indien die betrokke lid nie teenwoordig is, of 'n skriftelike verduideliking van so 'n lid ontvang is op of voor die datum wat bepaal is nie, sal so 'n lid outomaties as geskors beskou word. 'n Geskorste lid het nie die reg om enige Verenigingsgelde terug te eis nie.

4.4 Slegs belastingbetalers(eienaars) of hul aangewese verteenwoordigers in die area het stemreg om wysigings aan die Grondwet aan te bring.

4.5 Persone sal slegs as lede erken word as hulle volgens prosedure aanvaar is en gereeld hulle jaarlikse ledegelde betaal.

## 5. LEDEGELDE

5.1 Ledegelde sal jaarliks deur die Uitvoerende Komitee vasgestel en goedgekeur word.

5.2 Elke lid moet ledegelde jaarliks voor **30 April** ten volle betaal.

5.3 Nuwe lede wat aansluit, moet binne 'n maand hul ledegelde ten volle betaal.

## 6. VERGADERINGS

6.1 Die Voorsitter sal alle vergaderings lei. In die afwesigheid van die Voorsitter sal die Ondervoorsitter as Voorsitter optree.

6.2 'n **Algemene Jaarvergadering(AJV)** moet jaarliks, by voorkeur in November van 'n betrokke jaar, gehou word. Sake sal ooreenkomstig die items op die agenda soos volg behandel word:

6.2.1 Goedkeuring van die notule van die vorige Algemene Jaarvergadering en Spesiale Algemene Vergadering **(SAV)**

6.2.2 Jaarverslag van die Voorsitter.

6.2.3 Tesouriersverslag (Staat van inkomste en uitgawes)

6.2.4 Korrespondensie

6.2.5 Verkiesing van nuwe Uitvoerende Komitee

6.3 **Inligting/terugvoering vergaderings** sal elke **tweede** maand plaasvind. Die eerste vergadering sal in **Februarie** van 'n betrokke jaar geskied. 'n Kworum sal nie geld by hierdie vergadering nie, aangesien geen besluite tydens hierdie vergadering geneem word nie. Lede kan versoeke/probleme by hierdie vergadering voorlê.

6.4 Kennisgewing van alle vergaderings (Spesiale Algemene Vergaderings uitgesluit) asook 'n agenda, moet minstens **sewe** dae voor sulke vergaderings, hetsy skriftelik of deur middel van sosiale media (WhatsApp), aan alle lede gestuur word.

6.5 Die kworum by die Algemene Jaarvergadering sal **50% plus 1** van die totale aantal aktiewe lede wees, soos op die dag voor die vergadering geregistreer. Indien daar na **vyftien** minute (15) van die aanvangstyd van die vergadering nog nie 'n kworum is nie, sal die lede teenwoordig 'n kworum vorm.

6.6 Enige besluit wat deur 'n meerderheidstem by 'n vergadering geneem word, sal op alle lede bindend wees.

6.6.1 'n Voorstel kan met handstemming aanvaar word, met die verstandhouding dat enige lid geslote stembriefies kan vereis.

6.7 Waar 'n gelykop stemming tydens 'n vergadering voorkom, sal die Voorsitter die beslissende stem uitbring.

6.8 Indien nodig, kan die Uitvoerende Komitee 'n Spesiale Algemene Vergadering vir 'n buitengewone(dringende) saak belê.

**LET WEL:**

6.8.1 Die Uitvoerende Komitee kan 'n Spesiale Algemene Vergadering met **drie** weke kennisgewing belê.

6.8.2 Die Sekretaris sal 'n Spesiale Algemene Vergadering belê op skriftelike versoek van ten minste **vier** lede van die Uitvoerende Komitee of **tien** ingeskrewe vereningingslede.

## 7. UITVOERENDE KOMITEE (BESTUUR)

7.1 Samestelling

Die Uitvoerende Komitee bestaan uit 'n Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris, Tesourier en twee addisionele lede.

7.2 Aanstelling

7.2.1 Die Uitvoerende Komitee word op die Algemene Jaarvergadering vir 'n tydperk van **EEN** jaar verkies.

7.2.2 Die Uitvoerende Komitee verrig sy werksaamhede tot en met die verkiesing van die nuwe bestuur.

7.2.3 Die Uitvoerende Komitee vul vakatures waar moontlik.

7.3 Magte en Pligte van die Uitvoerende Komitee

7.3.1 Verantwoordelik om alle besluite wat op die Algemene Jaarvergadering geneem is, tot uitvoering te bring.

7.3.2 Is by magte om subkomitees aan te stel.

7.3.3 Is by magte om persone te koöpteer of aan te stel.

7.3.4 Kan enige saak na 'n subkomitee verwys, maar is nie noodwendig gebind deur hierdie komitee se aanbevelings nie.

7.3.5 Is verantwoordelik vir die handhawing van dissipline en versoening van botsende standpunte van lede en het die reg om enige reglemente op te stel wat hy nodig mag ag.

7.3.6 Is by magte om enige bestuurslid wat drie agtereenvolgende vergaderings sonder grondige rede of verskoning afwesig was, te skors.

7.3.7 **Vier** lede vorm 'n kworum. Indien 'n kworum nie aanwesig is nie, sal 'n vergadering as verdaag beskou word.

7.3.8 Die Komitee sal gedurende die jaar elke **tweede** maand vergader.

7.3.9 Enige lid kan met toestemming van die Komitee die Komiteevergaderings bywoon.

7.3.10 Die Komitee is verantwoordelik om alle versoeke en probleme wat onder sy aandag gebring is by die inligtings-/terugvoervergaderings te bespreek.

## 8. FINANSIES

8.1 Die beheer oor alle inkomste en uitgawes berus by die Uitvoerende Komitee.

8.2 Die Tesourier en Voorsitter of Sekretaris moet alle finansiële dokumente namens die Vereniging onderteken.

8.3 Finansiële state sal by elke komiteevergadering voorgelê word.

8.4 Die Tesourier sal rekord hou van alle inkomste en uitgawes.

8.5 Kwitansies sal vir alle gelde ontvang uitgereik word.

8.6 Die Tesourier sal register hou van enige bates en laste.

8.7 Aan die einde van elke finansiële jaar (**30 Sept**) sal'n persoon wat nie 'n lid van die komitee is nie, die boeke oudit.

8.8 'n Finansiële staat sal ook by die Algemene Jaarvergadering voorgelê word.

## 9. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

9.1 Wysigings/veranderings aan die grondwet kan slegs gedoen word wanneer 'n **twee-derde** meerderheid van stemgeregtigde lede op 'n Algemene Jaarvergadering of op 'n Spesiale Algemene Vergadering teenwoordig is.

9.2 'n Voorstel deur 'n lid om die grondwet te wysig of te verander moet **30** dae voor die Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering by die Sekretaris ingedien word.

## 10. ONTBINDING VAN VERENIGING

10.1 Die Vereniging sal ontbind indien **twee derdes** van die lede wat by 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene vergadering teenwoordig is, daartoe instem.

## 11. REGSAANSPREEKLIKHEID

11.1 Die Vereniging is 'n regspersoon. Die Vereniging kan 'n individu of entiteit dagvaar en kan as 'n Vereniging gedagvaar word. Geen lid van die Vereniging of die Uitvoerende Komitee kan verantwoordelik gehou word vir skuld of enige verbintenisse wat die Vereniging aangegaan het nie.

## 12. ALGEMEEN

12.1 Enige grief of klagte insake aangeleenthede van die Vereniging moet skriftelik by die Uitvoerende Komitee ingedien word.

12.2 In gevalle van verskil van die vertolking van enige reël of reglement moet die Uitvoerende Komitee die saak besleg, en hulle beslissing is finaal.

12.3 Die Old Oak Belastingbetalersvereniging is onderhewig aan alle reëls en regulasies van die Metro en plaaslike Munisipaliteit.

12.4 'n Maksimum van **twee** familielede mag saam op 'n komitee dien.

12.5 Die Metro/Munisipaliteit sal in kennis gestel word van enige wysigings aan die Vereniging se grondwet.

..................................................
**VOORSITTER**

..................................................
**SEKRETARIS**

05 Nov. 2024
**DATUM**